## Sondag 16/4

09:30 Erediens / Kategese open

Deuroffer: Gemeenteontwikkeling

Diensbeurt: Steenboksrivier

## Sondag 23/4

09:30 Erediens / Kategese

Deuroffer: Bybelmedia

Diensbeurt: Trinity




# Welkom by die doop

Van Ella Nel dogter van Morné en Bianca Nel

16 April 2023



# DIENSNUUS

*Ons gee God se hoop en liefde aan*

Preekskets 16 April 2023

Josua 3 – God sal jou behou, bewaar en beskerm.

Dit is belangrik dat ons die prentjie van wat in Josua 3 gebeur mooi begryp. Die Jordaan rivier is meestal `n dun stroompie, maar in oestyd is hy onstuimig en gevaarlik. Dan is daar baie water oor die oewers. Dis `n dood loop straat vir die volk. God het hulle deur die woestyn begelei, en nou is dit “onmoontlik” om deur te gaan na die beloofde land. Josua stap vroeg oggend en bedink planne. Dan kom maak God dit duidelik wat Hy gaan doen. Dit sal geloof vra.

Agtergrond: Die mense wat nou voor die Jordaan rivier staan was nie een by die Rooisee toe God die volk gered het nie. Daar het God die wonder gedoen en die see oopgemaak vir die Israeliete om deur te gaan. En daardie mense wat dit beleef het is almal in die woestyn oor die laaste veertig jaar oorlede. Hier voor die Jordaan staan `n nuwe groep mense wat nog net die stories van Moses gehoor het. God kom wys weer Sy mag en sorg vir hulle.

Onthou, God het hulle die beloofde land belowe. Daar lê uitdagings voor. Daar lê opwinding voor. Maar hulle sal moet glo dat God getrou sal bly aan Sy beloftes. Hier kom wys God weer Sy almag en Sy trou.

Daar is `n definitiewe volgorde: Gebed, gehoorsaamheid, geloof in aksie, vorentoe vertroue.




| Noemnaam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Danie | Du Toit | 04/14 |
| Rolien | Fick | 04/14 |
| Steve | Pieters | 04/14 |
| Werner | Visagie | 04/14 |
| Pieter | Kemp | 04/15 |
| Annie | Nel | 04/16 |
| Johannes | Hauman | 04/17 |
| Rina | Matthee | 04/17 |
| Esté | De Villiers | 04/18 |
| Wjorn | Gunter | 04/18 |
| Réleen | Swart | 04/18 |
| Jan-Olivier | Fick | 04/19 |
| Johan | Jackson | 04/19 |
| Marliné | Van Zyl | 04/19 |
| Rinus | Beukes | 04/20 |
| Adele | De Kock | 04/21 |
| Divan | Stander | 04/21 |
| Jan | Conradie | 04/22 |
| Josie | De Kock | 04/22 |
| Nadine | Fick | 04/23 |
| Johalene | Rousseau | 04/23 |
| Helena | Eillert | 04/24 |
| Patrys | Mac Far-lane | 04/24 |
| Chrisli | Vermeulen | 04/24 |





Nog `n invalshoek:

Die eerste lesers van die verhaal was Jode in Babel. Hulle hoop was vernietig. Hulle wonder oor God se bestaan. Hulle sien net afgodsdiens en vooruitgang van die Babiloniërs. Hulle vra diep geestelike vrae oor God se bestaan, Sy trou, Sy liefde en sorg. Hulle wonder of die bose wat hulle beleef bo hul God is? Hulle kort oortuiging.

God het die chaos magte oorwin. Hy het reeds oorwin, die bose vernietig. Hy is in beheer.
Hy sal `n nuwe pad maak, Hy gaan weer vooruit.
Geloof vra aksie. Gaan doen goed in jul omgewing.
Plant, bou, werk. Hou moed, God is almagtig en getrou.

Is jy dalk by `n dood loop straat? Wonder jy oor die volgende kwartaal se uitdagings? Weet jy nie hoe om oor die toekoms te dink nie? Hierdie boodskap is vir jou.



## “Wie is ek?” is nie die belangrikste vraag nie

deur Roedolf Botha

Dis asof almal daarop uit is om hierdie vraag te beantwoord. Wie is ek? Wat is my gawes? Wat moet ek doen? Waarom is ek hier? Dis alles vrae, wat met mekaar verband hou. Elkeen van ons wil tog weet wat ons doel hier op Aarde is, waarom ons bestaan en watter soort lewe vir ons sin en betekenis sal bring. Jongmense gaan selfs oorsee vir ‘n gapjaar om “hulleself te vind.”.

Daar is egter ‘n toenemende waarneming dat hierdie vraag nie eintlik “werk” nie. Dit help nie om ons beter in die samelewing te laat funksioneer nie. Trouens dit kan maak dat ons slegs meer selfobsessief optree en individualisties dink. Natuurlik kan ons nie anders as om die wêreld waar te neem en daaroor na te dink vanuit ons as individue se oogpunt nie. Dit kan ons nie verhelp nie. Maar die vraag is te lig vir die betekenisvolle kosmos, waarin ons onsself bevind. Die vraag “Wie is ek?” beantwoord nie die vraag oor ons identiteit die beste nie. Die filosoof, JKA Smith, wys ons daarop dat die kerkvader Augustinus hierdie vraag heel anders sou vra.

Augustinus sou nie vra: “Wie is ek?” nie.

Hy sou eerder vra: “Wie s’n is ek?”

Vir ‘n Jesus-volgeling is hierdie vraag ‘n baie goeie plek om by te begin. Dit stuur ons in ‘n baie beter rigting. Dit begin nie by jou nie, maar by God. Ek is nie die bepalende faktor nie, Hý is. Dit sê egter geweldig baie oor my identiteit.

Dit sê dat ons identiteit geborge is in die hand van God. Hý bepaal wie ons is. Ander medeskepsels se opinies is nie veronderstel om te tel nie. Ek bestaan nie op my eie nie. Ek bestaan slegs in Hom en as gevolg van Hom.

Dit sê dat ek in Jesus geliefd is. Ek behoort aan Hom en Hy is my primêre Liefhebber, die Een wat Sy lewe kom neerlê het sodat ek kan glo dat ek geliefd is. Ek is Syne. Die primêre realiteit waarbinne ek leef, is ‘n liefdesverhouding.

Dit sê dat my lewensdoel in Hom gesetel is. Hy het my in hierdie wêreld in ge-wíl. Ek is hier in hierdie tyd in die geskiedenis, omdat ek hier móét wees. My lewe tel en maak saak. My besluite hier en nou het ewigheidsbetekenis. Dit sê ook dat my lewe nie aan myself behoort nie, maar aan Hom. Ék dien Hóm, nie andersom nie. Hy is nie daar om my gemaklik te maak en toe te gee aan my enige wens en begeerte nie. Hy is die Here, ek die dienaar. Hy dra die kroon en ek die voorskoot.

Tog volg ek Hom in my dienswerk. Hy het die voorskoot voor my gedra. Wie is ek om dit nie te wil dra nie?

Dit sê ook dat ek deel is van God se familie. Ek is Sy erfgenaam saam met al die ander gelowiges regoor die wêreld.

Dit sê ook dat ek deel is van ‘n “ons”. Ek is nie mens op my eie nie. Wanneer Jesus ons lewens binnekom, bring Hy Sy hele vreemde familie saam. Ek is deel van ‘n gemeenskap van medemense wat Hom liefhet en deur Hom liefgehê word.

Ons is Syne. Dis al wat ons oor onsself hoef te weet.

En dit is genoeg.




## HEIDEHOF BESOEKSPAN :

Baie dankie vir elkeen wat by die Hoop en Liefde geleentheid betrokke is. Ons kort nog mense wat verantwoordelikheid kan neem vir 3-5 Heidehof inwoners. Dit behels om die inwoners te leer ken en op ooreengekome tyd by hulle te gaan kuier. Gesels gerus met Dewald vir meer inligting of aanmelding.

BAIE DANKIE VIR DIE TERUGVOERING MET DIE "IN-DIENS" VORMS - DIT IS HEERLIK OM ONS SPAN AAN TE VUL. ONS SAL MET JOU IN KONTAK WEES SOOS DIE GELEENTHEDE NA VORE KOM.





## SO HOU ONS KONTAK!

**Kerkkantoor**: 028 212 1202
ngkcaledon@twk.co.za

**Kantoor** Whatsapp-nommer:
072 807 3192

**Ds. Dewald du Toit**:
028 212 1332 |082 940 4901
dutoitdewald@yahoo.com

**Ds. Willem Lubbe:**
082 718 7298
willemlubbe@hotmail.com

Snap here to pay
SnapScan

**Webblad:** ngcaledon.co.za

**Facebook**: NG Kerk Caledon Moedergemeente

**Bankbesonderhede:** N.G. Kerk Caledon,
NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229
Takkode: 183509

